Downloaded from Stanmorephysics.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Moenie in potlood skryf nie.

12. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf ŉ opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1–1.8.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.
- By VRAAG 1.6, 1.7 en 1.8 moet jy jou eie titel gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Ek skaam my dood vir my familie **[50]**

1.2 Ek moes hom/haar nooit met my geheim vertrou het nie **[50]**

1.3 Só ŉ kans kom net een keer **[50]**

1.4 Matriek is my paspoort tot sukses **[50]**

1.5 ŉ Dag sonder sosiale media **[50]**

1.6



[Bron: www.adobe stock.co.za] **[50]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.7




[50]

[Bron: www.adobe stock.co.za]

1.8




[Bron: www.adobe stock.co.za] [50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**2.1 INFORMELE BRIEF VAN GELUKWENSING**

Jou beste vriend(in) is by hulle prysuitdeling aangewys as die sportpersoon van die jaar en het daarmee ŉ sportbeurs gewen om by sy/haar gunsteling universiteit te kan studeer.

Skryf ŉ brief om hom/haar geluk te wens. **[30]**

**2.2 HULDEBLYK**

Jy is ŉ familievriend van die bekende rugbykaptein, Gatiep Willemse, wat tydens ŉ padongeluk gesterf het.
Jy moet namens die rugbyspan ŉ huldeblyk by Gatiep se begrafnis lewer.

Skryf die HULDEBLYK neer wat jy by die begrafnis gaan lewer. **[30]**

**2.3 INFORMELE TOESPRAAK**

Jou beste vriend/in het besluit om na hom/haar matriekjaar oorsee te gaan om ŉ au pair te wees. Jy is gevra om ŉ toespraak by sy/haar afskeidsfunksie te lewer.

Skryf die INFORMELE TOESPRAAK neer. **[30]**

**2.4 DIALOOG**

Jy het jou aanlynkêrel/-meisie ontmoet en besef dat hy/sy hom/haar as iemand anders voorgee.

Skryf die gesprek tussen julle in DIALOOGVORM neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **ADVERTENSIE**

Jy is die hoof van die studenteraad en julle matriekklas het ŉ sielkundige genooi om ŉ praatjie oor geestesgesondheid te hou.

Ontwerp ŉ ADVERTENSIE vir die geleentheid en sê wat die doel van die praatjie is.

3.2 **KORT TEKSBOODSKAP (WhatsApp)**

Iemand het iets heeltemal onwaar op sosiale media oor jou skool geskryf, byvoorbeeld dat jou skool met sport gaan wegdoen.

Skryf ŉ KORT TEKSBOODSKAP aan jou vriend(in) om hom/haar oor die waarheid in te lig. **[20]**

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Jou nuwe buurman/vrou vra jou om vir hom/haar te verduidelik hoe om vanaf sy/haar huis na die naaste hospitaal te gaan.

Skryf die RIGTINGAANWYSINGS puntsgewys, ondermekaar en in volsinne neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou.

Downloaded from Stanmorephysics.com

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 100**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 22 bladsye wat drie rubrieke insluit.

Downloaded from Stanmorephysics.com

## SKRYF EN AANBIED

## ALGEMEEN

1. Gebruik die rubrieke soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | VRAAG 1 | OPSTEL |
| AFDELING B: | VRAAG 2.1 | INFORMELE BRIEF VAN GELUKWENSING |
| | VRAAG 2.2 | HULDEBLYK |
| | VRAAG 2.3 | INFORMELE TOEPSRAAK |
| | VRAAG 2.4 | DIALOOG |
| AFDELING C: | VRAAG 3.1 | ADVERTENSIE |
| | VRAAG 3.2 | KORT TEKSBOODSKAP (*WhatsApp*) |
| | VRAAG 3.3 | RIGTINGAANWYSINGS |

2. Bestudeer die rubrieke baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieke ingesluit is.

3. As ŉ onderwerp misgetas is, word die kandidaat streng gepenaliseer m.b.t die inhoud (ŉ baie lae punt), maar die taal word normaalweg nagesien.

4. Indien ŉ skryfstuk **grootliks uit die vraestel saamgeflans** word of dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word, ontvang die kandidaat **geen punte** nie. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie/Saamgeflans**. Indien dele van die skryfstuk wel die kandidaat se eie werk is, assesseer hierdie dele volgens die laagste vaardigheidsvlak.

5. Voorgeskrewe nasiensimbole (bladsy 3) moet by die nasien van ŉ skryfstuk gebruik word.

6. **Visuele tekste: VRAAG 1.6–1.8**

- Die titel en die visuele prikkel behoort bymekaar aan te sluit.
- Indien die titel nie by die visuele prikkel pas nie, maar die inhoud spreek steeds die visuele prikkel aan, word die titel geïgnoreer.
- Die onderwerpe kan verhalend, beskrywend, bespiegelend, beredeneerd of argumenterend wees.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN**

Die volgende simbole/tekens behoort gebruik te word:

| VERDUIDELIKING | SIMBOOL | BESKRYWING |
|---|---|---|
| Woordorde | ( ) → | Hakies/pyltjie |
| Spelfout | = | Twee strepies onder 'n woord |
| Woordkeuse | / | Haal met 'n streep deur |
| Tydfoute | **T** (in kantlyn) | Hoofletter **T** |
| Woord(e) weggelaat | **Λ** | Weglaatteken |
| Taalfoute | _____ | Enkelstreep onder die taalfout |
| Paragraafindeling | // | Dubbele skuinsstreep |
| Paragraaf is een lang, lomp sin | [ | Begin van nuwe sin |
| Woorde uit ander tale/ nie-funksionele / vreemde woorde<br>• Standaardafrikaans bly die norm.<br>• Gebruiksafrikaans moet vermy word.<br>• Aanvaar terminologie waarvoor Afrikaans nog nie ekwivalente het nie. | X | Trek 'n X oor die verkeerde woord |
| Erkenning van taaljuweeltjies | √ (bo die woord) | Regmerkie bokant goeie taalgebruik, idees of uitdrukkings. |
| Herhaling | **hh** (in die kantlyn) | Dubbele **hh** |
| Onduidelik/onverstaanbaar | ∫ (in die kantlyn) | Kronkelstreep |
| Saamgeflans uit die vraestel | **Vr** (in die kantlyn) | Hoofletter **V** en kleinletter **r** |
| Punktuasie | **O** | Omkring |

**NEERSKRYF VAN PUNTE**

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.

2. Assesseer die leerder se skryfstukke na aanleiding van die **vyf VAARDIGHEIDSVLAKKE** volgens:

AFDELING A: **INHOUD en BEPLANNING** (30 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (15 punte) en **STRUKTUUR** (5 punte).

AFDELING B: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (18 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (12 punte).

AFDELING C: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (12 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (8 punte).

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.
- Bepaal heel eers in watter hoofvlakomskrywing die skryfstuk val, byvoorbeeld KNAP.
- Bepaal vervolgens of die skryfstuk in die hoë- of laevlaksubkategorie val, byvoorbeeld KNAP hoog.
- Assesseer dan watter punt die skryfstuk verdien. Skryf slegs een punt neer, byvoorbeeld uit die kategorie (22–24) kies en skryf die nasiener 22 uit 30 vir Inhoud en Beplanning.
- In AFDELING A word dieselfde werkswyse by Taal, Styl en Redigering sowel as Struktuur gevolg.
- In AFDELING B en C word dieselfde werkswyse by Inhoud, Beplanning en Formaat sowel as Taal, Styl en redigering gevolg.

4. Hou die **puntetoekenning** by die onderskeie vaardigheidsvlakke in gedagte. Dis ŉ hulpmiddel.

5. Let daarop dat AFDELING B en C nie onderskei tussen hoë en lae vlakke nie.

6. Skryf die punte soos volg neer:

| **AFDELING A** | **Kode** | **Punt** |
|---|---|---|
| I/B | Knap + | 22 |
| T/S/R | Uitsonderlik – | 13 |
| S | Knap | 4 |
| **TOTAAL:** | | 39 |

| **AFDELING B** | **Kode** | **Punt** |
|---|---|---|
| I/B/F | Gemiddeld (G) | 9 |
| T/S/R | Elementêr (E) | 5 |
| **TOTAAL:** | | 14 |

| **AFDELING C** | **KODE** | **PUNT** |
|---|---|---|
| I/B/F | Gemiddeld (G) | 7 |
| T/S/R | Elementêr (E) | 3 |
| **TOTAAL** | | **10** |

**TAALVAARDIGHEID: SKRYF EN AANBIED**

Hierdie nasienriglyn moet saam met die aangehegte Afrikaans EAT-assesseringsrubrieke vir AFDELINGS A, B en C gebruik word.

**LET WEL:** Kandidate word nie addisioneel gepenaliseer vir afwykings nie, want die rubrieke maak daarvoor voorsiening.

Downloaded from Stanmorephysics.com

## ANALISE VAN VRAESTEL

## AFDELING A: OPSTEL

1.1 **Ek skaam my dood vir my familie**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Verhalende opstel**: Hier vertel die kandidaat op 'n interessante wyse van dit wat hy/sy familie doen wat hom/haar skaam maak. Die kandidaat kan in sy/haar vertelling die klem laat val op wat die familie/familielid doen of hoe hy/sy oor die familie se doen en late voel.
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die kandidaat op 'n lewendige wyse die dinge wat sy/haar familie doen wat hom/haar skaam laat voel.
- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.2 **Ek moes hom/haar nooit met my geheim vertrou het nie**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die kandidaat op 'n lewendige wyse hoe iemand sy/haar geheim verklap het. Die kandidaat kan ook uitbrei oor die gevolge van die geheim wat verklap is en hoe hy/sy daaroor voel.
  - **Verhalende opstel**: Hier vertel die kandidaat op 'n interessante, lewendige, kreatiewe wyse 'n storie waar iemand sy/haar geheim verklap het. Daar kan uitgebrei word oor die gevolge van die geheim wat uitgelaat is en hoe dit die kandidaat laat voel.
  - **Bespiegelende opstel:** Hier dink die kandidaat oor die situasie van die geheim wat verklap is en of dit 'n goeie ding is, al dan nie. Die kandidaat kan ook bespiegel oor of hy/sy hom/haar met die geheim moes vertrou het.
- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.3 **Só 'n kans kom net een keer**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die kandidaat die eens-in-'n-leeftyd kans wat hy/sy gekry het en hoe hy/sy daarvan gebruik gemaak het, al dan nie. Die kandidaat kan uitbrei oor die impak van die kans wat hy aangegryp het of die negatiewe aspekte toe hy/sy tot die besef gekom dat die kans wat deur sy/haar vingers geglip het, nie weer sal kom nie.
  - **Bespiegelende opstel**: Hier oordink/bespiegel die kandidaat oor kanse wat net een keer in 'n leeftyd kom. Die kandidaat kan uitbrei oor of dit waar is dat die kans nooit weer sal kom nie, wat die betekenis van een keer in 'n leeftyd kans is, ens.
  - **Verhalende opstel**: Hier vertel die kandidaat op 'n interessante wyse 'n storie oor 'n kans wat hy/sy aangegryp het omdat hy/sy besef het dat die kans nie weer sal kom nie. Die kandidaat kan ook heeltemal die teenoorgestelde skryf bv. 'n storie waar hy/sy besef het hy/sy moes die kans gegryp het, want dis verby en kom nie weer nie.
  - **Argumenterende opstel**: Hier neem die kandidaat reg van die begin af standpunt in, nl. dat só 'n kans kom net een keer en motiveer jou standpunt.
  - **Beredenerende opstel**: Hier beredeneer die kandidaat in 'n gebalanseerde opstel of só 'n kans net een keer kom. Die kandidaat mag uiteindelik 'n standpunt inneem.
- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.4 **Matriek is my paspoort tot sukses**

- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:
  - **Verhalende opstel**: Hier vertel die kandidaat op 'n interessante wyse 'n storie oor hoe iemand deur matriek uit armoede gekom het en sukses in die lewe behaal het.
  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die kandidaat op 'n lewendige wyse die waarde van matriek en hoe dit hom/haar suksesvol in die lewe gemaak het.
  - **Beredenerende opstel**: Hier beredeneer die kandidaat of matriek /opleiding die sleutel tot sukses is. Die kandidaat kan argumente en teenargumente aanvoer om sy/haar opinie te staaf. Albei kante van die saak kan genoem word.
  - **Bespiegelende opstel**: Hier bespiegel die kandidaat dat matriek en of dit jou uit armoede / tot sukses kán help. Die kandidaat kan bespiegel oor of matriek wel die oplossing vir armoede / paspoort tot sukses is, al dan nie.

Downloaded from Stanmorephysics.com


- **Argumenterende opstel**: Hier argumenteer die kandidaat dat matriek wel die paspoort tot sukses is, al dan nie. Die kandidaat kan van die begin af standpunt inneem en dan argumente aanvoer om sy/haar opinie te staaf. Die kandidaat kan ook teenargumente aanvoer, m.a.w. albei kante van die argument kan gelug word, maar die kandidaat moet tot ŉ slotsom kom.

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.5 **ŉ Dag sonder sosiale media**

- Hierdie onderwerp leen hom die beste tot die volgende opsteltipes:

  - **Verhalende opstel**: In ŉ verhalende opstel vertel die kandidaat op ŉ interessante wyse wat gebeur het toe hy/sy een dag sonder sosiale media moes klaarkom.

  - **Beskrywende opstel**: Hier beskryf die kandidaat op ŉ lewendige wyse wat gebeur het toe hy/sy vir een dag sonder sosiale media moes klaarkom.

  - **Bespiegelende opstel**: Hier bespiegel/wonder/oorweeg die kandidaat wat kan gebeur wanneer hy/sy een dag sonder sosiale media moet klaarkom. Die kandidaat kan ook bespiegel of dit ŉ goeie ding is om sonder sosiale media klaar te kom of nie.

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

**VISUELE PRIKKELS**

- Die inhoud van die opstel moet by die visuele prikkel pas. Daar moet onthou word dat hierdie visuele prikkels oop is vir ŉ verskeidenheid interpretasies. Die kandidaat se perspektief moet by assessering oorweeg word, maar slegs wanneer dit by die prikkel aansluit.
- Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.
- ŉ Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat.

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.6 **PRENTJIE: MEISIE WAT STEM**

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: ons almal het 'n reg om te kies: politieke partye; sosiale lewe; geloof; die invloed van politiek op ons land, Suid-Afrika, Jy is agtien en kan uiteindelik stem, is dit die moeite werd om te stem? ens.
- Figuurlike interpretasie: keuses/besluite, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.7 **PRENTJIE: MEISIE LEES/STUDEER BO-OP BOEKE EN MENSE WAT HAAR HELP**

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Boeke/studies; skool/universiteit ens.
- Figuurlike interpretasie: Drome/harde werk betaal; ons het almal mense/ondersteuning nodig om ons te help waar ons wil kom, toekomsplanne, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

1.8 **PRENTJIE: DIE AARDE IN IEMAND SE HANDE**

- Die kandidaat kan enige tipe opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Die aarde en die mens se invloed daarop / Leef groen / Neem beheer oor die aarde.
- Figuurlike interpretasie: Ek het die wêreld oorwin; Reis; Alles is in jou hande.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### 2.1 INFORMELE BRIEF VAN GELUKWENSING

**FOKUS**

Die kandidaat skryf **'n informele brief** aan sy/haar maat om hom/haar met die sportprestasie en die beurs geluk te wens. Die kandidaat kan oor enige toekomsplanne uitbrei/uitvra.

**KENMERKE**

Die informele brief het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar moet wees.

- Die aanslag is informeel.
- Die doel van die brief moet duidelik wees, nl. die kandidaat moet sy/haar maat gelukwens met die besondere prestasie en oor die toekomsplanne met die beurs uitvra.
- Die inhoud moet in paragrawe aangebied word.
- Die brief behoort 120–150 woorde te hê.

**FORMAAT**

Die formaat van die brief moet korrek wees:

**Leestekens**

- Geen leestekens word in die adres, aanhef of slot gebruik nie.

**Die adres en datum**

- Die adres van die briefskrywer moet regs boaan in blokvorm geskryf word.
- Daar behoort nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat te word nie.

**Toegewing**: 'n Reël mag tussen die poskode en datum oopgelaat word of nie.

- Die datum word voluit geskryf: 28 September 2024.
- 'n Reël word tussen die adres van die sender en aanhef oopgelaat.
- Let op die verskillende wyses waarop die adres geskryf kan word. Verwys na bladsy 10.

**Die aanhef, afsluiting en slot**

- Aanhef: "Beste" of "Liewe" word gebruik; dit word teen die linkerkantlyn geskryf.
- Groete/liefdegroete kry 'n punt aan die einde.
- Daar word nie 'n reël tussen *Jou maat/vriend(in)* en die naam oopgelaat nie.
- Die omskrywing, bv. *Jou maat/vriend(in)*, voor die briefskrywer se naam, is opsioneel.

 Downloaded from Stanmorephysics.com 

**Die paragrawe**

- ʼn Reël word tussen die paragrawe oopgelaat.
- Die inleidingsparagraaf stel die rede vir die brief duidelik, byvoorbeeld dat die briefskrywer sy/haar maat gelukwens met die sportprestasie en beurs en oor die toekoms uitvra.
- Die liggaam van die brief brei uit op die rede vir die brief. Die briefskrywer brei uit oor alles wat die kandidaat moes doen om die sportprestasie te behaal en wat die moontlike toekomsplanne is.
- Die slotparagraaf moet die brief saamvat en treffend wees.

**Voorbeelde van die briefskrywer se adres:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kerkstraat 1<br>Uitbreiding/Voorstad<br>Pleknaam<br>Kode | Posbus 88<br>Pleknaam<br>Kode | Huis 342<br>Pleknaam<br>Kode | Plot 588<br>Pleknaam<br>Kode |
| Rusthof<br>Pleknaam<br>Kode | Sewende Laan 10 OF Sewendelaan 10<br>Westdene<br>Kode | | |

Let op die volgende: **Kerkstraat** is altyd een woord omdat dit ʼn samestelling van TWEE soortname is. **Arcadia Straat** is ʼn samestelling tussen ʼn eienaam en ʼn soortnaam en daarom kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat, Arcadia Straat, Arcadia-straat, Arcadia-Straat. (*AWS*, 2017 bladsy 173).

Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.

**TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER**

- Die taal en styl van die brief is informeel en gemaklik.
- Die toon is vriendelik en waarderend.
- Die woordkeuse getuig van goeie woordeskat en dit pas by die toon en register wat die skryfstuk vereis.
- Grammatika en spelling geniet aandag:
  - Sinne word korrek gebou.
  - Taalstrukture en -konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling is korrek.

**[30]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.2 **HULDEBLYK**

**FOKUS**
Die kandidaat skryf ŉ **huldeblyk** (oor die bekende rugbykaptein, Gatiep Willemse, wat tydens ŉ padongeluk oorlede is.

**KENMERKE**
- Die huldeblyk het ŉ bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is formeel en waarderend.
- Die doel van die huldeblyk moet duidelik wees, nl. om hulde te bring aan die bekende Gatiep Willemse wat tydens ŉ padongeluk gesterf het.
- Die huldeblyk moet in die verlede tyd geskryf word en die vertroosting/bemoediging in die teenwoordige of toekomende tyd.
- Die mense wat die begrafnis bywoon, moet ŉ geheelbeeld van die rugbykaptein, Gatiep Willemse kry.
- Die huldeblyk behoort 120–150 woorde te hê.

**INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL**
- Die inhoud van die huldeblyk moet die fokus ondersteun.
- ŉ Verskeidenheid volwasse en intelligente idees word gegee.
- Gepaste detail brei die idees uit:
  - Bekendstelling van die rugbyspeler, Gatiep Willemse.
  - Oorsig oor die jare wat hy rugby gespeel het.
  - Enkele staaltjies uit die tyd toe hy bekend was.
  - Waardering vir sy bydra tot rugby en die breë samelewing.
  - Die familie moet bemoedig word.
- Kultuurkontekste moet in ag geneem word.

**FORMAAT**
- **Opskrif**
  Die huldeblyk moet ŉ opskrif hê en dit mag ŉ subopskrif insluit.

- **Inleidende paragraaf**
  Die inleidende sin is belangrik. Die huldeblyk word met die groet ingelei en die aanwesiges se aandag word vasgevang. Die spreker gee ŉ rede vir die samekoms.

- **Paragraaf 2**
  Die volgende besonderhede van Gatiep kan gegee word: naam en van, sy gesinslewe, sy rugbyloopbaan van die begin tot einde, sy gemeenskapsbetrokkenheid.

- **Paragraaf 3 en verder**
  Die huldeblyk sluit verskillende hoogtepunte in wat persoonlike gebeure en staaltjies van Gatiep se lewe bevat. Dit word in die verskillende daaropvolgende paragrawe bespreek. Elke paragraaf handel (verkieslik) oor ŉ nuwe feit/gedagte. Die spreker bemoedig hier of in die slotparagraaf Gatiep se familie.

Downloaded from Stanmorephysics.com

- **Slotparagraaf**

In die slot kan die spreker sy waardering uitspreek vir Gatiep se bydra tot rugby en die breë samelewing. Die spreker moet hier of in een van die ander paragrawe Gatiep se familie bemoedig.

**TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER**
- Die toon is formeel, dog vriendelik, waarderend, liefdevol, vertroostend, bemoedigend en taktvol.
- Die taal en styl van die huldeblyk stem met die toon ooreen.
- Die woordkeuse getuig van goeie woordeskat en dit pas by die toon en register wat die huldeblyk vereis.
- Grammatika en spelling geniet aandag:
    - Sinne word korrek gebou.
    - Taalstrukture en konvensies word korrek aangebied.
    - Spelling is korrek. **[30]**

2.3 **INFORMELE TOESPRAAK**

**FOKUS**
Die kandidaat lewer ŉ **toespraak** by sy/haar beste vriend/in wat oorsee gaan au pair, se afskeidspartytjie.

**KENMERKE**
- Die informele toespraak het ŉ bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek is.
- Die aanslag is informeel.
- Die doel van hierdie toespraak os om ŉ afskeidsboodskap aan jou vriend/in te lewer.
- Die aanspreekvorm, taal en styl is informeel en gemaklik.
- Die informele toespraak behoort 120–150 woorde te hê.

**INHOUD, INSLUITEND DETAILS EN IDEES**
- Die inhoud van die toespraak moet die fokus ondersteun.
- Die rede vir die toespraak word reg aan die begin, net na die groet, gestel, nl. om die vriendin seënwense vir die pad vorentoe toe te wens.
- ŉ Verskeidenheid volwasse, gepaste en intelligente idees word gegee.
- Gepaste detail dra by tot die ontwikkeling van die toespraak:
    - Enkele staaltjies oor die vriend/in
    - Dinge wat die vriende saam deurgemaak het.
    - Motivering en voorspoedwense word uitgespreek.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**FORMAAT**
- Begin die toespraak met die groet.
- Die toespraak kan in paragrawe aangebied word.
- Die toespraak bestaan uit 'n inleiding, ŉ liggaam en ŉ slot

**TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER**
- Die toon kan getuig van waardering en goeie gesindheid.
- Die aanspreekvorm, taal en styl is informeel en gemaklik.
- Die woordkeuse getuig van goeie woordeskat en dit pas by die toon en register wat die skryfstuk vereis.
- Die grammatika en spelling geniet aandag:
  - Sinsbou is funksioneel.
  - Taalstrukture en -konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling van woorde is korrek.

**[30]**

2.4 **DIALOOG**

**FOKUS**
Die kandidaat skryf die **dialoog** wat hy/sy met die seun/meisie net nadat hy/sy agtergekom het die persoon met wie hy/sy op sosiale media gesels het, nie is wie hy/sy voorgegee het om te wees nie.

**KENMERKE**
- Die dialoog het ŉ bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die dialoog handel oor die gesprek tussen die kandidaat en die seun/meisie wat hy/sy op sosiale media ontmoet het.
- Elke spreekbeurt dra by tot die doel van die dialoog, nl. om die persoon te vra waarom hy die seun/meisie gekatvis het.
- Die taal en styl is informeel.
- Die dialoog behoort 120–150 woorde te hê.

**INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL**
- Die inhoud van die dialoog moet die fokus ondersteun.
- ŉ Verskeidenheid volwasse en intelligente idees word duidelik uiteengesit.
- Gepaste detail dra by tot die ontwikkeling van die gesprek:
  - Waarom mense voorgee om te wees wie hulle nie is nie (katvis).
  - Wat lei daartoe om dit te doen?
  - Die kandidaat se opinie en hoe hy/sy hieroor voel.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**FORMAAT**

- Kandidaat mag ŉ konteks skep voordat die dialoog geskryf word.
- Die sprekers (kandidaat en seun/meisie) se name word netjies onder mekaar teenaan die linkerklantlyn aangedui.
- Die naam van die kandidaat kan met "Ek" vervang word.
- Daar kom ŉ dubbelpunt na elke naam.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Laat ŉ reël na elke spreekbeurt oop.
- Spreekbeurte is in blokvorm.
- Ekstra inligting word tussen hakies voor die spreker se woorde geskryf, waar dit toepaslik is. **[30]**

**TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER**

- Die toon kan getuig van teleurstelling.
- Die aanspreekvorm, taal en styl is informeel en gemaklik, dog hoflik.
- Die woordkeuse getuig van goeie woordeskat en dit pas by die toon en register wat hierdie dialoog vereis.
- Grammatika en spelling geniet aandag:
  - Sinne word korrek gebou.
  - Taalstrukture en -konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling is korrek.
  - Funksionele gebruik van leestekens verhoog die waarde van die teks.
  - Vermy slordige taal, sleng en SMS-taal.

**ONTLEDING VAN LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Die vrae is só geformuleer dat ŉ persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

3.1 **ADVERTENSIE**

| **FOKUS** |
|---|
| Die kandidaat ontwerp ŉ **advertensie** wat leerders moet oortuig om ŉ praatjie oor geestesgesondheid by te woon. |

**KENMERKE**

- Die advertensie het ŉ bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is oorredend/ manipulerend.
- Die doel van hierdie advertensie is om mense te oortuig om die praatjie by te woon.
- Dit teikenmark is leerders van die skool sowel as die publiek.
- Die nodige inligting word in die advertensie gegee.
- Die krag van die advertensie lê in sy eenvoud.
- Die leser moet die advertensie maklik verstaan.
- Hierdie advertensie berus op die sogenaamde ABBA-beginsel:
  - Die advertensie moet die leser se **aandag** trek deur verskillende lettertipes en lettergroottes.
  - Die leser se **belangstelling** moet gewek word deur middel van interessante inhoud en uitleg.
  - Hierdie advertensie moet ŉ **begeerte** by die leser wek om die geleentheid by te woon.
  - As die advertensie in sy doel slaag, sal die leser tot **aksie** oorgaan en die geleentheid bywoon.
  - Die advertensie behoort 80–100 woorde te hê.

**INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL**

- Die inhoud van die advertensie moet die fokus ondersteun.
- Die volgende inligting behoort in die advertensie gegee te word:
  - Wat vind plaas?
  - Wie is die teikengroep?
  - Wie is die spreker?
  - Waar vind die geleentheid/praatjie plaas?
  - Wanneer en hoe laat is die geleentheid/praatjie?
  - Wat is die doel van die geleentheid/praatjie.
  - Kontakbesonderhede?

Downloaded from Stanmorephysics.com

**FORMAAT**
- Verskillende lettertipes (fonts) word gebruik.
- Verskillende lettergroottes word gebruik.
- Die belangrikste inligting trek dadelik die leser se aandag.
- Geen omslagtige paragrawe nie.
- Inligting kan puntsgewys gegee word.

**TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER**
- Die toon is oorredend en spreek die leser direk aan.
- Die taal en styl is informeel en gemaklik.
- Die woordkeuse, styl en register is slim en oorredend van aard en getuig van goeie woordeskat.
- Grammatika en spelling geniet aandag:
  - Sinsbou is funksioneel.
  - Taalstrukture en -konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling van woorde is korrek.
  - Funksionele gebruik van leestekens verhoog die waarde van die teks. **[20]**

3.2 **KORT TEKSBOODSKAP (WhatsApp)**

**FOKUS**
Die kandidaat skryf **'n kort teksboodskap** aan sy/haar vriend/in op WhatsApp om die waarheid oor die onware plasing oor sy/haar skool op sosiale media op te klaar. Die kandidaat noem alle relevante bewyse dat die plasing heeltemal onwaar is.

**KENMERKE**
- Die kort teksboodskap het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is informeel. SMS-taal word nie aanvaar nie.
- Die doel van die teksboodskap moet duidelik wees, nl. om te verduidelik waarom die plasing oor die kandidaat se skool onwaar is.
- Die kort teksboodskap behoort 80–100 woorde te hê.

**INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL**
- Die inhoud moet die fokus ondersteun.
- Die inhoud is persoonlik van aard.
- Die kandidaat se redes argumente/opinie moet duidelik wees.
- Gevoelens en gedagtes word beskryf.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**FORMAAT**
- Dit is beleefd om eers te groet voordat jy die boodskap skryf.
- Die uiteensetting mag in paragraafvorm wees.
- Die tyd wanneer die boodskap gestuur is, word in die laaste reël of onderaan in die regterkantste hoek geskryf.

**TAAL EN STYL**
- Die toon is persoonlik.
- Die styl is informeel.
- Die woordkeuse getuig van die kandidaat se vermoë om sy/haar gedagtes en emosies met min woorde te beskryf.
- Beskrywende woorde word fyn gekies.
- Die persoon skryf in die teenwoordige / toekomende tyd.
- Vermy SMS-taal en afkortings.
- Grammatika en spelling geniet aandag:
  - Sinne word korrek gebou.
  - Spelling is korrek.
  - Vermy SMS-taal en afkortings.

**[20]**

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

**FOKUS**
Die kandidaat gee **rigtingaanwysings** vir die buurman/vrou wat gevolg moet word om vanaf die huis tot by die naaste hospitaal te kom.

**KENMERKE**
- Hierdie teks het 'n bepaalde formaat wat herkenbaar en korrek moet wees.
- Die aanslag is informeel en informatief.
- Die doel van hierdie teks is om rigting aan te dui.
- Die rigtingaanwysings moet duidelik en puntsgewys uiteengesit word.
- In hierdie teks kan tipiese bevelsinne gegee word. Dit kan met bakenaanwysings in die vorm van stelsinne afgewissel word.
- Die rigtingaanwysings behoort 80–100 woorde te hê.

**INHOUD, INSLUITEND IDEES EN DETAIL**
- Die inhoud van die rigtingaanwysings moet die fokus ondersteun.
- 'n Reeks verskillende rigtingaanwysings word gegee.

 Downloaded from Stanmorephysics.com 

**FORMAAT**

- Die rigtingaanwysings kan genommer word, met kolpunte aangedui word of slegs as sinne geskryf word.
  **LET WEL**: Deel van die opdrag by hierdie vraag is dat die kandidate die aanwysings puntgewys, onder mekaar en in volsinne moet neerskryf.
- Die rigtingaanwysings moet in volsinne aangebied word.

**TAAL EN STYL, INSLUITEND TOON EN REGISTER**

- Die toon is verduidelikend/instruktief.
- Die aanspreekvorm, taal en styl is informeel en gemaklik.
- Die rigtingaanwysings word in die teenwoordige tyd geskryf.
- Die woordkeuse getuig van die kandidaat se vermoë om met die gebruik van min woorde inligting te gee. Omdat daar nie te veel detail gegee kan word nie, moet die kandidaat hier bewys lewer dat hy/sy met gepaste bywoorde/byvoeglike naamwoorde kan werk.
- Die grammatika en spelling geniet aandag:
  - Sinne begin gewoonlik met ŉ werkwoord (bevelsin); "Jy moet ..." "Onthou om ..."
  - Sinne word korrek gebou.
  - Persoonlike voornaamwoorde word in plaas van eiename gebruik.
  - Taalstrukture en -konvensies word korrek aangebied.
  - Spelling is korrek

**ONTLEDING VAN KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Die vrae is só geformuleer dat ŉ persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**LET WEL:**

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in ’n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in ’n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [50 PUNTE]**

| Kriteria | | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD EN BEPLANNING**<br><br>(Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks<br><br>**30 PUNTE** | **Hoë vlak** | **28–30** | **22–24** | **16–18** | **10–12** | **4–6** |
| | | - Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting<br>- Idees is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke<br>- Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | - Respons baie goed; getuig van vaardigheid<br>- Idees heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid<br>- Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | - Respons bevredigend.<br>- Idees redelik samehangend en oortuigend<br>- Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | - Wisselvallige samehang in respons.<br>- Idees onduidelik, nie oorspronklik nie.<br>- Min bewys van organisasie en samehang | - Respons heeltemal irrelevant<br>- Idees deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie<br>- Vaag en herhalend<br>- Geen organisasie nie en is onsamehangend |
| | **Lae vlak** | **25–27** | **19–21** | **13–15** | **7–9** | **0–3** |
| | | - Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van ’n opstel ontbreek<br>- Idees intelligent en volwasse<br>- Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | - Respons goed; getuig van vaardigheid<br>- Idees relevant, interessant<br>- Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | - Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid<br>- Idees redelik<br>- samehangend en oortuigend<br>- ’n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | - Respons is grootliks irrelevant<br>- Idees begin los staan en kan verwarrend wees<br>- Skaars ’n bewys van organisasie en samehang | - Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie<br>- Heeltemal irrelevant en ontoepaslik<br>- Deurmekaar en geen fokus nie |

 Downloaded from Stanmorephysics.com 

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [50 PUNTE] (vervolg)**

| Kriteria | | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks;<br>Woordkeuse;<br>Taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika, spelling<br><br>**15 PUNTE** | **Hoë vlak** | **14–15**<br>- Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks<br>- Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend<br>- Toon retories treffend en effektief<br>- Grammatika en spelling feitlik foutvry<br>- Knap gedaan | **11–12**<br>- Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks<br>- Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik<br>- Grammatika en spelling grootliks foutvry.<br>- Baie goed gedoen | **8–9**<br>- Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks<br>- Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra<br>- Toon is gepas.<br>- Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk | **5–6**<br>- Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie<br>- Taalgebruik baie basies<br>- Toon en woordkeuse skaars toepaslik<br>- Baie beperkte woordeskat | **0–3**<br>- Taal onverstaanbaar.<br>- Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks<br>- Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak |
| | **Lae vlak** | **13**<br>- Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief<br>- Grammatika en spelling feitlik foutvry<br>- Baie goed tot knap gedaan | **10**<br>- Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief<br>- Toon gepas en effektief<br>- Enkele foute in grammatika en spelling.<br>- Goed gedoen | **7**<br>- Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk<br>- Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele | **4**<br>- Taalgebruik onvoldoende<br>- Weinig indien enige sinsverskeidenheid.<br>- Woordeskat baie beperk | |
| **STRUKTUUR**<br><br>Kenmerke van teks;<br>Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie<br><br>**5 PUNTE** | | **5**<br>- Uitstekende ontwikkeling van onderwerp<br>- Uitsonderlike detail<br>- Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer | **4**<br>- Logiese ontwikkeling van details<br>- Samehangend<br>- Sinne en paragrawe logies en toon variasie | **3**<br>- Relevante detail ontwikkel<br>- Sinne en paragrawe goed gekonstrueer<br>- Opstel maak nog effens sin | **2**<br>- Sommige punte geldig<br>- Sinne en paragrawe foutief<br>- Opstel maak nog sin. | **0–1**<br>- Noodsaaklike punte ontbreek<br>- Sinne en paragrawe foutief<br>- Opstel maak nie sin nie |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | | **43–50** | **33–40** | **23–30** | **13–20** | **0–10** |

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com


## ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING B) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [30 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT**<br><br>Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; doel, gehoor, kenmerke, konvensies en konteks<br><br>**18 PUNTE** | **15–18**<br>- Respons uitsonderlik, bo verwagting<br>- Idees intelligent en volwasse<br>- Grondige kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Skryfwerk behou fokus<br>- Samehang in inhoud en idees.<br>- Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun<br>- Gepaste en akkurate formaat | **11–14**<br>- Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Behou fokus – geen afwyking nie<br>- Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun<br>- Gepaste formaat met onbeduidende foute | **8–10**<br>- Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings<br>- Redelike samehang in inhoud en idees<br>- Sommige detail ondersteun die onderwerp<br>- Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute | **5–7**<br>- Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Aanduiding van fokus, maar met afwykings<br>- Inhoud en idees nie altyd samehangend nie<br>- Min detail ondersteun die onderwerp<br>- Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas<br>- Kritiese foute begaan | **0–4**<br>- Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie<br>- Betekenis onduidelik met groot afwyking.<br>- Geen samehang in idees en inhoud nie<br>- Baie min detail ondersteun die onderwerp<br>- Nodige reëls van formaat nie toegepas nie |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>Toon, register, styl en woordeskat geskik vir doel en konteks.<br>Taalgebruik en konvensies; woordkeuse; punktuasie en spelling<br><br>**12 PUNTE** | **10–12**<br>- Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks<br>- Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer<br>- Feitlik foutloos | **8–9**<br>- Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks<br>- Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer<br>- Baie goeie woordeskat<br>- Oorwegend foutloos | **6–7**<br>- Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks<br>- Enkele grammatikafoute<br>- Voldoende woordeskat<br>- Foute belemmer nie betekenis nie | **4–5**<br>- Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks.<br>- Grammatika onakkuraat met etlike foute.<br>- Basiese woordeskat<br>- Betekenis belemmer | **0–3**<br>- Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie<br>- Besaai met foute en verward<br>- Woordeskat nie geskik vir doel nie<br>- Betekenis ernstig belemmer |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **25–30** | **19–23** | **14–17** | **9–12** | **0–7** |

 Downloaded from Stanmorephysics.com 

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING C) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [20 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT** | **10–12** | **8–9** | **6–7** | **4–5** | **0–3** |
| Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning, doel, gehoor, kenmerke/ konvensies en konteks.<br><br>**12 PUNTE** | - Respons uitsonderlik, bo verwagting.<br>- Idees intelligent en volwasse<br>- Grondige kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Skryfwerk behou fokus<br>- Samehang in inhoud en idees<br>- Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun<br>- Gepaste en akkurate formaat | - Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Behou fokus – geen afwyking nie<br>- -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun<br>- Gepaste formaat met onbeduidende foute | - Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings<br>- Redelike samehang in inhoud en idees<br>- Sommige detail ondersteun die onderwerp<br>- Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute | - Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks<br>- Aanduiding van fokus, maar met afwykings<br>- Inhoud en idees nie altyd samehangend nie<br>- Min detail ondersteun die onderwerp<br>- Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas<br>- Kritiese foute begaan | - Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie<br>- Betekenis onduidelik met groot afwyking<br>- Geen samehang in idees en inhoud nie<br>- Baie min detail ondersteun die onderwerp<br>- Nodige reëls van formaat nie toegepas nie |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING** | **7–8** | **5–6** | **4** | **3** | **0–2** |
| Toon, register, styl en woordeskat geskik vir doel en konteks, taalgebruik en konvensies, woordkeuse, punktuasie en spelling<br>**8 PUNTE** | - Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks<br>- Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer.<br>- Feitlik foutloos | - Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks<br>- Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer<br>- Baie goeie woordeskat.<br>- Oorwegend foutloos | - Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks<br>- Enkele grammatika-foute<br>- Voldoende woordeskat<br>- Foute belemmer nie betekenis nie | - Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks<br>- Grammatika onakkuraat met etlike foute<br>- Basiese woordeskat<br>- Betekenis belemmer | - Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie<br>- Besaai met foute en verward<br>- Woordeskat nie geskik vir doel nie<br>- Betekenis ernstig belemmer |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **17–20** | **13–15** | **10–11** | **7–8** | **0–5** |

Kopiereg voorbehou